

Ontmoeting 3

Simson

Kinders gaan op h ontdekkingstog deur Simson se lewe. God se beloftes het sin aan sy lewe gegee.

Teks: Rigters 13–16

Hulpmiddels:

- ‘n Boks met die volgende in: (*h Kaartjie en teksgedeelte word met h toutjie aan elkeen vasgemaak. Vind die teks vir elkeen onder die Woord-gedeelte.*)
1. h Leeu (*Dit kan h sagte speelding, plastiekdiertjie of kleurprentjie wees.*)
 2. Heuning
 3. Rooi lap of kledingstuk
 4. Vuurhoutjies
 5. Stukkie tou
 6. Hartjie
 7. Hare of gevlegte wol
 8. Pilare van handdoekrolle
- Tou vir toutrek
 - Wit jas vir verteller (iets wat ‘n argeoloog sal dra)
 - Afdrucke van die pilaar aktiwiteit



Welkom

Deel die groep in twee en laat hulle toutrek. Die span wat die ander span kan omtrek, is die wenners.

Laat die groep raaisels uitdink en vir mekaar vra. Sorg dat daar h klein beloning is vir elkeen wat h goeie raaisel kon uitdink. Jy kan h paar maklike raaisels as voorbeelde gebruik:

Voorbeelde van raaisels:

Wat noem jy h hasie in h tuimeldroër? Spin(h)asie

Wat noem jy h leë hasie? Sp(h)asie

Wat noem jy h hasie wat eet? In-Spur-(h)asie (inspirasie)

Hoeveel maande van die jaar het 28 dae? (almaal!)

Wat kom af, maar gaan nooit op nie? (reën)



Wyding

Stilword-ritueel uit Psalm 23: Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. “Die Here is by ons.” Sê nou hardop: “Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.”



Woord

Welkom by hierdie spesiale episode uit die Geskiedenisboeke! Ons het h uitgrawing gedoen. Ons het h boks gekry met h briefie bo-op vasgeplak wat sê: “Die hoogte- en laagtepunte van h belangrike rigter se lewe.” Onthou julle nog wat h rigter is? (*Gee die kinders kans om te antwoord.*)

Kom ons kyk wat is in die boks.

Eerste item: Leeu

Een van die kinders kom lees die kaartjie.

Rigters 14:6: “Hy het die leeu doodgemaak sonder dat hy eers h mes of iets gehad het.”

h Jong man was op reis saam met sy ouers. Hy wou h meisie van h ander land gaan vra om met hom te trou. Op pad, toe hulle naby die dorp kom, het h sterk leeu hulle skielik bestorm. Hy het die leeu doodgemaak sonder dat hy eers h mes of iets gehad het. Sy pa-hulle het nie eers geweet dat hulle amper dood was nie, so vinnig het dit gebeur. Hulle het veilig by die meisie se huis gekom. Sy het gesê sy sal met hom trou. Daarna is hulle weer huis toe. Kan julle al raai wie die rigter was?

Tweede item: Heuningpot

Rigters 14:14: “Uit ’n eter kom daar iets te ete, uit ’n sterke kom daar iets soets.”

h Maand of wat na die leeu dood is, het Simson vir sy meisie gaan kuier. Hy draai toe af om na die dooie leeu te gaan kyk. Intussen het bye in die leeu se geraamte begin nesmaak. Daar was al h hele klomp heuning. Simson het die heuning uitgehaal en daarvan geëet. Simson en die meisie is later getroud. Hulle het sewe dae lank feesgevier. Daardie tyd was die onthaal vir h troue so lank. Daar was 30 Filistynse mans by die partytjie. Simson sê toe vir die mans: “Ek het vir julle h raaisel. As julle reg raai, sal ek vir julle elkeen h broek en h hemp gee, maar as julle dit nie reg kan raai nie, moet julle vir my h broek en h hemp gee.” Die Filistyne sê toe: “Dit is reg. Gee maar jou raaisel.” Simson sê: “Uit ’n eter kom daar iets te ete, uit ’n sterke kom daar iets soets.”

Hulle het 3 dae lank probeer, maar kon nie die antwoord kry nie. Op die vierde dag doen hulle toe h verkeerde ding. Hulle gaan sê vir Simson se vrou: “Praat jou man om dat hy vir ons sê wat die raaisel se antwoord is, anders brand ons jou pa se huis af!”

Sy het toe by Simson gaan kerm tot hy dit nie meer kon hou nie. Hy gee toe vir haar die antwoord. Op die laaste dag van die fees, net voor die 7 dae om was, kom die Filistyne na Simson toe en sê: “Die soetste ding waaraan ons kan dink, is heuning en die sterkste ding h leeu. Daarom moet die antwoord wees: ‘Heuning wat uit h leeu kom.’ Jy skuld ons elkeen h hemp en h broek.”

Derde item: h Rooi lap of kledingstuk

Rigters 14:19: “Hy het daar 30 Filistyne doodgemaak en hulle klere gevat.”

Sjoe, kan julle raai wat hier kon gebeur het? Simson was woedend. Hy het 30 Filistynse mans in h ander dorp doodgemaak en hul klere vir die gaste gaan gee. Hy was so kwaad dat hy sonder sy bruid na sy ouerhuis toe terug is. Die meisie se pa het haar toe later met ’n ander man laat trou.

Vierde item: Vuurhoutjies

Rigters 15:4: “Tussen elke 2 sterte het hy h fakkel vasgemaak.”

Simson het teruggaan na sy vrou toe, maar toe hy daar kom, hoor hy sy skoonpa het haar met h ander man laat trou. Toe sê Simson: “Hierdie keer is dit nie my skuld as ek iets aan julle doen nie.” Hy het h klomp jakkalse gaan vang en hulle sterte twee-twee aanmekaar vasgemaak. Tussen elke 2 sterte het hy h fakkel gebind en aan die brand gestee. Die jakkalse het gehardloop en die Filistyne se koringlande, druiwebome en olyfbome het afgebrand!! Nou was al die Filistyne baie kwaad vir Simson.

Vyfde item: h Stukkie tou

Rigters 16:9: “Toe breek hy die tou soos h garingdraad wat h mens in die vuur hou.”

Die Filistyne was kwaad en het Simson by die Israëliete gaan soek. Die Israëliete was bang vir die Filistyne, want hulle was die base. Hulle kom toe by Simson en bind hom vas met nuwe toue en gee hom vir die Filistyne. Die Gees van God het vir Simson so sterk gemaak dat hy die toue soos garingdrade kon breek. Hy het toe h donkie se kakebeen opgetel en sommer h duisend Filistyne daarmee doodgeslaan.

Sesde item: h Hartjie

Rigters 16:4: “Haar naam was Delila.”

Simson het weer op h Filistynse meisie verlief geraak. Haar naam was Delila. Die leiers van die Filistyne het haar omgekoop om uit te vind hoekom Simson so sterk is. Delila het vir Simson gevra: “Sê my tog, hoekom is jy so sterk? Waarmee kan h mens jou vasmaak?”

Hy antwoord: “As iemand my vasmaak met 7 nat senings van h dier, sal ek nie kan loskom nie.”

Die leiers bring toe vir Delila 7 nat senings om Simson mee vas te bind, maar toe sy roep: “Simson, die Filistyne is hier,” ruk hy los en die senings breek asof dit h garingdraad is.

Delila het weer gevra: “Sê my tog, hoekom is jy so sterk? Waarmee kan h mens jou vasmaak?” Dié keer het Simson geantwoord: “As jy my vasbind met nuwe toue wat nog nooit gebruik was nie, sal ek swak wees.” Maar dit het weer nie gewerk nie.

Delila het natuurlik gekerm en gesê: “Jy het vir my gejoj. Praat tog nou die waarheid.”

Simson het geantwoord: “Eintlik moet jy my 7 vlegsels saam met wol in h mat invleg. Dan sal ek swak wees.” Sy het dit gedoen terwyl hy slaap, maar toe sy hom wakker maak, het hy sy hare en die wol losgeruk en die weefmasjien gebreek.

Delila het vreeslik gekerm. Sy het Simson beskuldig dat hy haar nie liefhet of vertrou nie. Hy wou later gek word van al die gekerm. Toe vertel hy haar alles.

Sewende item: Hare of gevlegte wol

Rigters 16:17: “Ek behoort spesiaal aan die Here.”

Uiteindelik vertel Simson toe vir Delila sy hele storie.

Simson se ma en pa kon glad nie kinders hê nie. Na baie jare het die Here na Simson se ma gekom. Hy het vir haar gesê: “Pas jouself mooi op. Jy gaan nou h seun kry en as hy grootword, mag julle nooit sy hare of sy baard sny nie. Hy sal spesiaal aan My behoort en Ek gaan hom gebruik om die Israeliete te verlos van die Filistyne.”

Sy hare en baard was h teken dat hy aan God behoort het. As iemand sy hare sou afsny, sou hy soos h gewone mens wees. Delila het geweet hy praat nou die waarheid en sy het die Filistynse leiers gaan vertel. Toe Simson slaap, het iemand sy hare afgesny en God se krag het hom verlaat. Hierdie keer toe Delila skree: “Simson, Simson, die Filistyne is hier!” kon hy niks doen nie.

Die Filistyne het hom met koperkettings vasgebind, sy oë uitgesteek en hom in die tronk gegooi.

Agtste item: 2 handdoekrol pilare

Rigters 16:28: “Ag Here, help my nog net hierdie een keer. Ek wil die Filistyne straf.”

Die Filistyne het h groot fees in hulle tempel gehou. Hulle was bly dat hulle vir Simson oorwin het. Hulle laat toe vir Simson uit die tronk kom om hom te spot. Hy moes in die middel van die tempel gaan staan. Daar was 2 dik pilare waarop die tempel se dak gerus het. Simson het vir die man wat hom uit die tronk gebring het, gevra: “Laat my teen die pilare in die middel leun.” Simson het sy arms om die pilare gesit en gebid: “Ag Here, help my net nog hierdie een keer. Ek wil die Filistyne straf.” In die tronk het Simson se hare weer begin groei en met die krag van God het hy die pilare omgetrek. Die hele tempel het inmeakaargeval. Simson en al die Filistyne wat daar was, is dood.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter deel van Simson se storie hou jy die meeste.
2. Ek wonder waarvan het jy die minste gehou.
3. Ek wonder wat dit vir jou beteken om te weet jy is spesiaal vir God.



Werskaf

- Neem een of meer van die items op die tafel en vertel vir iemand daardie deel van Simson se storie.
- Inkleurprent vir kleiner kinders.
- Pilare aktiwiteit: Kleur die prente in. Knip Simson en die pilare uit. Vou die verbrokkelde tempel prent op die stippellyne na binne. Plak nou die twee pilare, een op elke buite flap. Plak vir Simson voor op een van die pilare.
- Speel “Rock Paper Scissors” met 3 figure: Simson, Delila en die Leeu. Delila wen vir Simson, Simson wen die leeu en die leeu wen vir Delila. Staan rug-aan-rug. Tel 3 en draai om. Wys dan as volg: Simson – sterk arms; Delila – een hand op die heup en die ander hand onder die ken; Leeu – brul en wys “kloue” langs jou gesig.

Sluit af met die seënbede

